

NAHUM

Inleiding

Nahum dra die naam van die profeet wie se profesieë daarin opgeneem is. Die naam Nahum beteken ‘troos’.

Nahum is in die Joodse en Christelike kanons die sewende boek in die *Boekrol van die Twaalf Profete (Hosea tot Maleagi)*, en is die laaste van die buitelandse profete in die versameling (vgl Inleiding *Joël*.) In die Septuagint volg *Nahum* ná *Jona*.

Uit die boek kan afgelei word dat die profesieë waarskynlik voor 630 vC uitgespreek en vermoedelik ook te boek gestel is. Daar bestaan egter groot onsekerheid oor die plek waar die profeet opgetree het. Die feit dat Nahum “die Elkosiet” genoem word, beteken dat hy of sy voorouers van Elkos, 'n dorpie in Noord-Galilea, afkomstig was. Dit beteken egter nie dat *Nahum* in Elkos geskryf is nie. Daar kan verskillende argumente aangevoer word dat die profeet Nahum waarskynlik 'n nasaat was van die Israeliete wat in 722 vC of vroeër deur die Assiriërs as ballinge weggevoer is (vgl 2 Kon 15:17-20; 17:6). Sy gebruik van Assiriese leenwoorde en sy goeie kennis van die hoofstad Nineve wys onder andere in dié rigting. Hy het waarskynlik sy profesieë in Assirië te boek gestel en as trooswoorde aan die inwoners van Juda gestuur. Die profeet Nahum word nie, soos die meeste ander profete, aan die begin van die boek bekendgestel nie. Hy word slegs die Elkosiet genoem. Uit sy geskrif kan ons wel aflei dat hy 'n begaafde digter was.

Die eerste lesers van *Nahum* was waarskynlik Judeërs wat gebuk gegaan het onder die onderdrukkende heerskappy van die wêreldmoondheid

Assirië. Die oorheersing deur 'n buitelandse mag wat die God van Israel nie erken het nie, het by die Judeërs vroe laat ontstaan oor die almag van God. Dit is vermoedelik die rede waarom *Nahum* begin met 'n gedig oor die onbegrensde mag van God, onder andere in die natuur.

Ná die opskrif begin *Nahum* met 'n akrostiese gedig waarin tien opeenvolgende letters van die Hebreeuse alfabet telkens 'n nuwe strofe of versreël inlei. Die boek is ryk aan stylfigure, alliterasie en klankspel. Die gebruik van 'n staccato-styl om die aanval op Nineve te beskryf, is besonder effektief (vgl 3:2-3). Heilsprofesieë en spotliedere kom in die boek voor, asook beskrywings van Godsverskynings en aankondigings van oordeel.

In aansluiting by die bekende belydenis dat die Here genadig is, maar tog ook die sonde straf (vgl byvoorbeeld Eks 34:6-7), word die tema van die oordeel oor Nineve ingelei (1:3a). Die magsmisbruik van die Assiriërs, waardeur ander nasies verneder en uitgeroei is, is die rede vir God se vernietiging van die goddelose stad. Die feit dat die Here magtiger is as die sterkste mag in die wêreld en dat Hy onreg straf, is oorheersende motiewe in die boek. Sy besorgdheid oor sy volk in Juda blyk uit sy optrede teenoor die bose wêreldmag.

Nahum kan soos volg ingedeel word:

1:1 Opskrif

1:2-15 Lied oor die HERE se krag

2:1-13 Val van Nineve

3:1-19 Vernietiging van Nineve

1

Opskrif

¹ Profesie^a oor Nineve.^b Boek van die openbaring aan Nahum, die Elkosiet.

Lied oor die HERE se krag

² Die HERE is 'n besitlike God,^{c*}

en Hy wreek Hom.

Die HERE neem wraak met woede.

Die HERE wreek Hom

op sy teenstanders,

Hy bly wraak neem teen sy vyande.

^{3*} Die HERE is geduldig,

maar geweldig sterk.

Die HERE laat beslis

niks ongestraf nie.

Deur donderstorm en orkaan

loop sy pad,

wolke is die stof van sy voete.

^a**1:1 Profesie:** Kan ook vertaal word “uitspraak”, “uitspraak van God” of “aankondiging”.

^b**1:1 Nineve:** Die hoofstad van Assirië geleë op die oostelike oewer van die Tigrisrivier.

^c**1:2 besitlike God:** Die woorde in die •bronteks verwys daarna dat God Hom hartstogtelik beywer vir sy kinders, en dat Hy geen teenstand duld nie.

* **1:2 Die HERE is ... God:** Eks 20:5-6; Deut 4:24

* **1:3** Eks 34:6-7; Num 14:18

⁴ *Hy berispe die see
en laat dit opdroog;
al die riviere laat Hy wegdroog.
Basan en Karmel verdor,
die bloeiesels van Libanon^d verwelk.

⁵ *Die berge bewe voor Hom,
die heuwels stort ineen.
Die aarde lê verwoes voor Hom,^e
ja, die wêreld met al sy
bewoners.

⁶ *Wie kan staande bly
voor sy toorn,
wie kan sy gloeiende toorn
weerstand?
Wanneer sy drif uitbars soos vuur,
spat rotse voor Hom uiteen.

⁷ Die HERE is goed,
'n toevlugsoord in tye
van bedreiging.
Hy sorg vir wie by Hom skuil,
⁸ maar met 'n vloedgolf

*1:4 Ps 106:9; Jes 50:2; 51:10

^d1:4 **Basan en Karmel ... Libanon:** Die drie plekke is bekend vir hulle vrugbaarheid.

*1:5 Jer 4:24

^e1:5 **Die aarde ... Hom:** Die •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die brontekste lui “Die aarde lig op voor Hom”.

*1:6 Op 6:17

vernietig Hy die stad^f
geheel en al,
sy vyande agtervolg Hy
tot in die duisternis.

⁹ *Wat kan julle teen die HERE
beplan?

Hy rig 'n totale vernietiging aan!
Bedreiging sal nie 'n tweede keer
toeslaan nie.

¹⁰ Selfs al word hulle^g saamgevleg
tot 'n doringskerm,
en omring deur rankplante,^h
hulle sal verteer word soos stoppels
wat heeltemal droog is.

¹¹ Uit jouⁱ het hy^j weggetrek,
hy wat onheil beraam
teen die HERE,
wat boosheid beplan.

¹² So sê die HERE:
“Al was hulle ook in volle sterkte,

^f**1:8 stad:** Letterlik ‘haar plek’. Dit verwys na die stad Nineve.

^{*}**1:9-10:** 2 Kon 18:13,17-37; Jes 36:1 — 37:37

^g**1:10 hulle:** Dit verwys na die inwoners van Nineve.

^h**1:10 rankplante:** Die •Septuagint word hier gedeeltelik gevolg. Die bronteks lui “en soos hulle drank is hulle dronk”.

ⁱ**1:11 jou:** Dit verwys waarskynlik na Juda. Vgl 2 Kon 19:35-36. Sommige verstaan dit as 'n verwysing na Nineve.

^j**1:11 hy:** Dit verwys waarskynlik na die Assiriese leëraanvoerder.

so baie as wat hulle was,
soveel is afgemaai
en het verdwyn.^k”

“Ek het jou^l verneder,
maar Ek sal jou nie weer
verneder nie.

¹³ *Daarom gaan Ek sy juk^m breek
wat op jou rus,
jou stroppe gaan Ek
aan stukke ruk.”

¹⁴ Maar die HERE beslis oor jou,
koning:ⁿ

“Jou naam sal nie meer voortleef nie.

In die huis van jou gode
sal Ek die gesnede beelde
en gegote beelde^o vernietig.

Ek berei jou graf voor,
want jy is onbenullig.^p”

^k**1:12 en het verdwyn:** Die bronteks lui “en hy het verdwyn”.

^l**1:12 Ek het jou:** Dit verwys na die volk en is uitgestelde identifikasie vir Juda wat in Nah 2:2 ter sprake kom.

^{*}**1:13** Jes 9:3

^m**1:13 sy juk:** Dit verwys na die Assiriese onderdrukking.

ⁿ**1:14 koning:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel. Dit verwys na die Assiriese koning.

^o**1:14 gegote beelde:** Dit verwys ook na houtbeelde, oorgetrek met goud- of silwerfoelie.

^p**1:14 onbenullig:** Die koning van Assirië se titel was “die grootkoning”.

¹⁵ ^q* Kyk! Op die berge is die voete
van die een wat 'n goeie
boodskap bring,
wat 'n vredesboodskap
laat hoor:*

“Vier maar jou feeste, Juda!
Betaal jou geloftes,
want die booswigte
sal nooit weer deur jou trek nie;
hulle is almal uitgeroei.”

2

Val van Nineve

¹ ^r Iemand wat uitmekaar jaag,
trek teen jou op.
Bewaak die vesting,
hou die pad dop,
gord die heupe vas,
monster alle kragte!

² * Want die HERE herstel die trots
van Jakob*

^q**1:15 — 2:13:** Die bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Nah 2:1-14.

***1:15** Jes 52:7-10

***1:15 Op die ... hoor:** Hand 10:36; Rom 10:15; Ef 6:15

^r**2:1-13** Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Nah 2:2-14.

***2:2-4** Vgl Jes 5:26-30; Jer 5:15-17

***2:2 Jakob:** Vgl Gen 32:28

soos wat die trots van Israel
eers was,
al het verwoesters hulle verwoes
en hulle wingerdranke vernietig.

³ Sy helde^s se skilde is rooi;
die sterk manne is geklee
in helderrooi;
op die strydwaens
is vlammeende metaal.
Op die dag wat Hy voorberei het,
word die spiese dreigend gelig.

⁴ Oor die vlaktes jaag
die strydwaens,
oor die ooptes storm hulle aan;
hulle lyk soos fakkels,
soos weerligstrale flits hulle verby.

⁵ Die koning se offisiere^t
word opgeroep;
in gelid struikel hulle in hulle haas
om by die stadsmuur te kom.
Maar die stormram se skutdak^u
is reeds opgerig.

^s2:3 **Sy helde:** Dit verwys na die leërmag wat die HERE stuur om Nineve aan te val.

^t2:5 **Die ... offisiere:** Die bronteks lui “Sy offisiere”. Dit verwys na die Assiriese koning in Nineve.

^u2:5 **stormram se skutdak:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Dit verwys moontlik na die beskerming oor 'n stormram.

⁶ Die sluisse van die kanale^v

word oopgeruk,
die paleis wankel.

⁷ Dit staan vas:

Sy^w gaan in ballingskap; sy word weggelei.
Haar slavinne kla soos duiwe,
en slaan hulleself op die bors.

⁸ Nineve was op haar^x dag

soos 'n dam water,
maar nou stroom dit weg!
“Bly staan! Bly staan!”
Maar niemand draai om nie.

⁹ Plunder die silwer!

Plunder die goud!
Die voorraad is onuitputlik —
'n rykdom kosbare voorwerpe!

¹⁰ *Verlatenheid, verwoesting,
woesteny!

Harte krimp ineen, knieë knak,
alle heupe sidder,
alle gesigte verbleek.

¹¹ Waar is die lêplek

^v2:6 sluisse ... kanale: Letterlik ‘poorte van die riviere’.

^w2:7 Sy: Dit verwys waarskynlik na die Assiriese koningin.

^x2:8 haar: Die stad word as 'n prostituut voorgestel; vgl Nah 3:4-5.

^{*}2:10 Vgl Jes 13:7-8; Joël 2:6

van die leeuwyfies,
die vreetplek van die jong leeus,
die plek waar die leeu,
die maanhaar, rondgeloop het,
waar 'n jong leeu tuis was
sonder dat iemand
hom skrikmaak?

¹² * Ja, waar is die leeu
wat genoeg verskeur het
vir sy welpies,
doodgewurg het vir sy wyfies?
Hy het sy blyplekke gevul met buit,
sy lêplekke met verskeurde
prooi.

¹³ “Dis Ek teen jou, Nineve!”*
is die uitspraak van die HERE,
Heerser oor alle magte.
“Ek sal jou strydwaens
in rook laat opgaan;
die swaard sal jou jong leeus verteer;
wat jy gebuit het,
sal Ek van die aarde af verdelg.
Die stem van jou gesante
sal nie weer gehoor word nie.”

*2:12 Vgl Deut 28:26; Jer 4:7; 7:33; Hos 5:14

*2:13 Dis ... Nineve: Nah 3:5

3

Vernietiging van Nineve

¹ *Wee die stad van bloed!

Sy^y is geheel en al net leuens;
van wat geroof is, is sy vol,
en die rooftogte hou nie op nie!

² *Die klank van swepe!

Die klank van wiele wat dreun!
Perde wat voortstorm,
strydwaens wat bokspring.

³ *Ruiters is op die voorpunt —

flitsende swaarde,

blitsende spiese!

'n Menigte gewondes,

'n magdom lyke,

tallose liggame —

hulle struikel oor hulle dooies!

⁴ *Alles as gevolg van

die hoerery van die prostituut,

die aanvallige meesteres

van heksery,

*3:1 Nah 2:2,9

^y3:1 Sy: Die stad word as 'n prostituut voorgestel; vgl Nah 3:4-5.

*3:2 Jer 47:3

*3:3 Vgl Eseg 39:11-16

*3:4-7 Vgl Op 17:1 — 18:24

wat nasies verkwansel het
deur haar hoerery,
volksgroepe deur haar hekserij.

⁵ ***“Dis Ek teen jou, Nineve!”***

is die uitspraak van die HERE,
Heerser oor alle magte.

“Ek sal jou some oor jou gesig oplik;*

Ek sal die nasies

jou naaktheid laat sien,
koninkryke jou skaamte.

⁶ Ek gaan vullis op jou uitgooi
en jou met minagting behandel.

Ek gaan van jou 'n toonbeeld
van vernedering maak.

⁷ Dan sal elkeen wat jou sien,
van jou af wegvlug

en sê, ‘Nineve is verwoes!

Wie sal meegevoel met haar hê?

Waar sal ek iemand kry
wat jou kan troos?’ ”

⁸ Is jy beter as No-Amon,
gevestig aan die Nyl
en omring deur water,
waarvan die voormuur

***3:5-7 Eseg** 16:36-43; 23:25-30

***3:5 Dis ... Nineve:** Nah 2:13

***3:5 Ek sal jou ... oplik:** Jer 13:22

***3:7 Wie ... troos:** Jes 51:19; Jer 15:5

'n see van water was,
waarvan die stadsmuur
ook water was?

⁹ *Kus^z is talryk en ook Egipte,
Put en die Libiërs eindeloos in getal,
hulle was haar helpers.^a

¹⁰ *Selfs sy was bestem
vir ballingskap;
sy moes in gevangenskap gaan.
Ook háár kleuters is verbrysel
op al die straathoeke.

Oor haar edelmanne is geloot,
al haar vername mense
is met kettings geboei.

¹¹ Ook jy sal dronk word
en verward wees.*
Ook jy sal 'n toevlugsoord
teen vyande soek.

¹² Al jou versterkte stede is vyebome
met vroeë vye;
as die bome geskud word,
val die vye in die eter se mond.

***3:9** 2 Kron 12:3; Jer 46:9; Eseg 27:10

^z**3:9 Kus:** Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

^a**3:9 haar helpers:** Die •bronteks lui “jou hulp”. Vroeë vertalings word hier gevolg.

***3:10** Ps 137:9; Jes 13:16; Hos 10:14

***3:11 Ook jy sal dronk ... wees:** Jer 25:15,16

¹³ *Kyk, die manskappe in jou midde
is soos vrouens.

Vir jou vyande staan die poorte
van jou land wawyd oop;
vuur het jou sluitbalke^b
reeds verteer.

¹⁴ Skep maar vir jou water
vir die beleg!*

Versterk maar jou versterkte stede!
Gaan kleigat toe en trap die klei!
Vat die steenvorm vas!

¹⁵ Daar sal die vuur jou verteer,
die swaard jou afmaai.

Dit sal jou verorber
soos voetgangsprinkane.

Vermeerder maar
soos voetgangsprinkane,
word maar so baie
soos treksprinkane!

¹⁶ Jy het jou handelaars
meer gemaak as die sterre
aan die hemel,
maar voetgangsprinkane
vervel en vlieg weg!

***3:13** Jes 19:16; Jer 50:37; 51:50

^b**3:13 sluitbalke:** Houtbalke wat in die sokgrendels van poorte rus.

***3:14 Skep ... beleg:** 2 Kron 32:2-3

¹⁷ Die mense aan jou hof is
soos treksprinkane,
en jou amptenare
soos 'n swerm sprinkane
wat op 'n koue dag
op die mure^c sit —
as die son deurbreek,
vlieg hulle weg.
Die plek waarheen hulle gaan,
is onbekend.

¹⁸ *Koning van Assirië,
jou herders slaap;
jou vername mense rus.
Jou manskappe is verstrooi
oor die berge;
niemand bring hulle bymekaar nie.

¹⁹ Daar is geen herstel
vir jou ineenstorting nie.
Jou wond is ongeneeslik.
Almal wat die nuus oor jou hoor,
sal daaroor hande klap,
want wie het nie voortdurend
onder jou wreedheid
deurgeloop nie?*

^c**3:17 mure:** Dit verwys na die klipmure wat om die landerye gepak is.

***3:18** 1 Kon 22:17

***3:19** want ... **deurgeloop nie:** Jes 37:18-20